2019/02/11
09:03 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/02/11	DATUM 2018/02/08			+ - LAST WEEK 2019/02/04		BY DIE GELD PUT OPSIE				
								WM		YM	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	JUL '19 TERMYNPRYS	R 2 888.00		R 2 707.00	
DJIA-index	25106	-63.20	-0.3%	25170	-0.5%	25239	PUT TREFPRYS	R 2 880.00		R 2 700.00	
Goud ($pot)	1311.34	2.74	0.2%	1308.6	-0.2%	1314.55	PUT PREMIE	R 207.55		R 124.83	
Brent $/vat	61.54	-0.08	-0.1%	61.62	-2.0%	62.8					
1 € / US$	1.1319	0.00	-0.2%	1.1338	-1.0%	1.1432	MIN SAFEX PRYS	R 2 672.45		R 2 575.17	
1 US$ / ZAR	13.60	-0.020	-0.1%	13.62	1.6%	13.38					
Corn	R 2 003.48	-15	-0.7%	R 2 018.22	*CBOT Corn Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Mar 12:00 the previous day						
Wheat	R 2 584.52	16	0.6%	R 2 568.31	* CBOT Wheat Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Mar 12:00 the previous day						
Soybeans	R 4 569.39	-1	0.0%	R 4 570.10	* CBOT Soy Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Mar 12:00 the previous day						
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.	MIELIE UITVOERE			
Corn Mar 19	374.20	-2.20	-0.6%	376.40	Pariteitspryse gelewer in		41	WM	YM	TM	
Wheat Mar 19	517.20	4.00	0.8%	513.20	Randfontein. Koring DBN invoer		WEEK TOTAAL	46 693	5 151	51 844	
Soybeans Mar 19	914.40	1.20	0.1%	913.20	pariteit ipv uitvoer pariteit		JTD TOTAAL	394 444	1 450 623	1 845 067	
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit	UITVOERBAAR	1 500 000	2 300 000	3 800 000	
SORGHUM Mar '19	3820.00	0.00	0.0%	3820.00	3467.00	1768.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	26%	63%	49%	
WMAZ Spot	2771.00	-11.00	-0.4%	2782.00	3890.00	2113.00	TEMPO/WEEK BENODIG	100 505	77 216	177 721	
WMAZ Mar 19	2783.00	-11.00	-0.4%	2794.00	3397.00	1906.00		MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Jul 19	2888.00	-8.00	-0.3%	2896.00	3474.00	1982.00	WEEK TOTAAL	2 296	5 464	7 760	
YMAZ Spot	2663.00	-7.00	-0.3%	2670.00	3340.00	2113.00	JTD TOTAAL	6 306 799	5 554 514	11 861 313	
YMAZ mar 19	2679.00	-13.00	-0.5%	2692.00	3397.00	1906.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 601 560	5 779 650	12 381 210	
YMAZ Jul 19	2704.00	-3.00	-0.1%	2707.00	3474.00	1982.00	% GELEWER VAN OES	96%	96%	96%	
SOY spot	4752.00	7.00	0.1%	4745.00	6062.00	4022.00	TEMPO /WEEK BENODIG	98 254	75 045	173 299	
SOY May 19	4875.00	5.00	0.1%	4870.00	6524.00	4465.00		KORING INVOERE			
SUN Spot	5500.00	-25.00	-0.5%	5525.00	5862.00	4306.00		2018/19	2017/18	5 Jr. GEM	
SUN May 19	5241.00	-79.00	-1.5%	5320.00	5862.00	4306.00	WEEK TOTAAL	5 550	22 419	21 885	
WHEAT Spot	4525.00	-3.00	-0.1%	4528.00	4465.00	4145.00	JTD TOTAAL	190 067	696 321	546 424	
WHEAT Mar 19	4546.00	-10.00	-0.2%	4556.00	4534.00	4214.00	TOTAAL BENODIG	1 400 000	2 173 234	1 727 637	
WHEAT May 19	4632.00	-11.00	-0.2%	4643.00	4772.00	4452.00	JTD AS % VAN BENODIG	14%	32%	32%	
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE											

Mark Oorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.61 teenoor die dollar. In die eerste helfte van 2018 was daar 'n resessie, maar die ekonomie het die jaar stewiger geëindig met 'n verwagte matigheid in die werkloosheidskoers. Die nuutste werkloosheidsyfer is 'n belangrike ekonomiese aanwysers wat hierdie week vrygestel word. Daar word verwag dat die werkloosheidsyfer afgeneem het weens seisoenale aanstellings. Daar word ook verwag dat vervaardiging sektor in Desember ook gegroei het. Kleinhandelverkope groei het na verwagting in Desember gedaal vanaf November se syfer. Suid-Afrika gaan weer 'n toename in beurtkrag kan verwag weens kapasiteit tekorte.

Mielies: VSA mielieprys het effens afgeneem, ondanks Vrydag oggend se algemene ondersteunende vraag en aanbod data van die USDA wat gepubliseer is. Groot Suid-Amerikaanse oeste en hoër wêreld eindvoorraad, het pryse laat daal. Volgens die USDA-verslag, het die 2018 VSA mielieproduksie 366 miljoen ton bereik, wat 5 miljoen ton minder is as die agentskap se vorige beramings. VSA 2018/19 eindvoorraad het met 1,16 miljoen ton gedaal tot 44 miljoen ton. Wêreld eindvoorrade vir 2018/19 het effens gestyg, vanaf 308,8 miljoen ton in Desember tot 309,78 miljoen ton. Die Oekraïne se 2019-mielieproduksie sal na verwagting met 12% val na sy rekord 2018 oes, wat sowat 31 miljoen ton beloop. **Plaaslik:** Plaaslike mielieprys het laer verhandel. Maart witmielie kontrakte verhandel tot 'n hoogtepunt van R2 840 per ton en 'n laagtepunt van R2 775 per ton voor die dag se sluiting teen R2 783 per ton.

Sojabone: VSA sojaboonpryse het Vrydag 'n mate van ondersteuning gekry as gevolg van kort dekking; dit is nadat dit Donderdag met 1% gedaal het. Die jongste USDA-vraag en aanbod was ook ondersteunend teenoor pryse, nadat dit laer 2018 VSA produksie totale getoon het. Volgens die USDA, het die VSA 2018 oes tot 123 miljoen ton gedaal, wat 'n bietjie laer is as die vorige projeksie van 125 miljoen ton. VSA sojaboon eindvoorrade vir 2018/19 het effens laer beweeg, vanaf vorige beramings van 25,9 miljoen ton tot 24,7 miljoen ton. Die USDA het Suid-Amerikaanse sojaboon produksie verwagtinge vir Argentinië en Brasilië onveranderd gelaat op onderskeidelik 55 miljoen ton en 117 miljoen ton. Wêreldwyd het die sojaboon eindvoorraad vir 2018/19 effens gedaal, vanaf 115.33 miljoen ton tot 106.72 miljoen ton, 'n skuif wat vroeër vandeesweek grootliks deur ontleders voorspel is. **Plaaslik:** Plaaslike sojaboonpryse het Vrydag marginaal hoër verhandel. Maart sojaboonkontrakte verhandel tot 'n laagtepunt van R4 756 per ton en 'n hoogtepunt van R4 945 per ton voordat die sessie teen R4 803 per ton gesluit het.

Koring: Die VSA koringpryse was gemeng, maar meestal hoër te midde van 'n paar tegniese aankope wat in die mark gesien was na die nuutste WASDE-verslag van die USDA bekend gemaak het. Die USDA het die koring oppervlakte vir die seisoen op 12 662 613 ha gerapporteer, wat afgeneem het vanaf die vorige beramings van 13 190 728 ha. VSA-koring eindvoorraad vir die 2018/19 is aan die toeneem vanaf die vorige skattings van 26 915 000 ton tot 27 488 160 ton. In ander internasionale nuus word die 2019-koringproduksie van Oekraïne na verwagting hoër as verlede jaar se totale geskat. Kasakstan kan in 2019 soveel as 12 000 000 ton graan uitvoer. Egipte het 299 368 ton Amerikaanse koring gekoop. **Plaaslik:** Plaaslike koringpryse het laer verhandel met 'n Februarie 2019 kontrak wat verhandel het teen R 4525. Maart 2019 koring kontrak verhandel teen R4546 en die Mei kontrak verhandel teen R4632.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke* / ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.